# TYGERBERG NATUURRESERVAAT - 2021

| **ROETE:** | Verskeie | **DATUM:** | 16-Oct-21 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Die hele week word die weer dopgehou en by Vrydag besef ons dat Swartkop by Simonstad nie aangenaam sal wees met reën en stormsterkte wind wat voorspel word. Almal is nog lus vir stap want dit is die 3rde Saterdag in 'n ry wat dit reën. Daar word besluit dat ons sommer Tygerbergkoppie gaan stap, want dit is naby die huis en ons kan gou uitstap as die weer baie sleg raak. Ons kom 7.30 by die hek bymekaar en ons besluit ons stap die roete soos die weer dit toelaat. Ons stap om die eerste dam en op tot by die kanon, neem 'n groepfoto en stap aan. 'n Lekker reënbui sak uit en ons neem sommer 'n tee stop onder 'n skuiling tot die reen bietjie bedaar. Ons stap af na die dam by die Van Riebeeckshof hek en dan teen die steil bultjie uit. Daar val weer 'n reënbui en almal trek reënbaadjies aan. Ten spyte van die reën het ons nog mooi uitsigte en die veld is pragtig. Ons stap af na die dam by die Plattekloof hek wat op die oomblik mooi vol is en stap dan verder die steil bultjie uit tot by die mas. By die piekniekarea eet ons gou iets onder die skuiling en toe sak daar weer 'n harde reënbui uit. Almal stap af na die ingangshek en groet na 'n heerlike oggend. Ons tydsberekening was perfek, want vir die res van die dag het dit hard gereën. Hoogte bereik: 446 m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Belinda Burdett | 2021021 | R 5 | 11 | |
| Timothy Burdett | 2021020 | R 5 | 11 | |
| Leonie Finlay | - | R 10 | 11 | |
| Elisma Maree | 2021030 | R 5 | 11 | |
| Estelle Havenga | - | R 10 | 11 | |
| Amanda Matthee | 2021040 | R 5 | 11 | |
| Delfie Issel | 2010016 | R 5 | 11 | |
| Miranda Myburgh | 2021068 | R 5 | 11 | |
| Madeleine Krause | 2021067 | R 5 | 11 | |
| Wynand Krause | 2021066 | R 5 | 11 | |
| Rene Hodgson | 2021022 | R 5 | 11 | |
| Selda de Lange | 2021025 | R 5 | 11 | |
| Werner Dalziel | 2021024 | R 5 | 11 | |
| Beulagh Keulder | 2021023 | R 5 | 11 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 80** | **154** | |

| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

**NAME OP WAGLYS**

| | |
|---|---|
| | |
| | |

| **VERSLAG DEUR:** | Belinda Burdett |
|---|---|